**JESUS IS ONS EWIGE VADER**

Jesaja 9:5

**INLEIDING VOOR SKRIFLESING**: Die term "Messias" kom nie in Jesaja voor nie. Daar is wel sprake van 'n **koning uit die geslag van Dawid** wat gaan kom. Onder sy heerskappy sal daar **vrede en voorspoed** wees (luister weer na vers 6 bv). Die verwagting dat 'n nuwe Dawid, 'n Messias (Gesalfde) gaan kom, het veral in die tyd **(400jr)** tussen die Ou en Nuwe Testament sterk toegeneem. Waar die verwagting in die OT nog vaag was en gekoppel aan iemand uit die koningshuis van Dawid, word hy in hierdie tyd **'n bonatuurlike, goddelike figuur**. Hierdie Messias sal God se beloftes aan sy volk waar maak.

Die NT sluit by hierdie verwagting aan en beskryf Jesus as die Messias. Die **twee lyne** van 'n nuwe Dawid en 'n goddelike figuur loop ineen. Christus is beide God en mens, 'n nakomeling van Dawid en 'n gestuurde van God. Daarom kon Hy die Messias, die Verlosser wees.

Vers 5 en 6 beskryf **die kroning van die Messiaskoning**. Uit Ps 2 weet ons dat 'n nuwe koning by sy kroning **as seun van God aangeneem** word. By die geleentheid kry die nuwe koning ook 'n **nuwe naam**. Presies dit word in hierdie verse beskryf. Die nuwe koning kry by sy troonsbestyging **vier wonderlike name**. Ons fokus vanoggend op die naam ***"Ewige Vader". …… Skriflesing***

**1. ONGEWONE NAAM**
Dis natuurlik vir ons **ongewoon** om na die Seun as "Vader" te verwys. Elkeen van die name wil egter vir ons **iets sê oor** die Messias Jesus en die vraag is: Wat?
**Elke goeie koning** is 'n vader vir sy volk. "Ewig" wil sê dat hierdie koning se vaderskap nes God s'n **sonder einde** sal wees. Maar kom ons sny 'n bietjie dieper met die ontleedmes!

**2. "VADER"**
**2.1 'n Vader dra <u>gesag</u>**. *"Eer jou vader en jou moeder*" sê die gebod. Paulus skryf: *"Kinders, wees in alles aan julle ouers gehoorsaam, want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo."*
Jesus is "Vader" in die sin dat Hy **gesag het** oor ons, dat ons aan Hom *gehoorsaamheid* verskuldig is. Hy is ons Verlosser EN <u>Koning</u>, Herder en <u>Here</u>. Soos Hyself gesê het: *"My skape <u>luister</u> na my stem; Ek ken hulle en hulle <u>volg</u> my."* (Joh 10:27)
Nie almal wat Hom dit hoor sê het, het daarvan **gehou** dat Hy dit sê nie. Party wou Hom selfs daarvoor stenig!
Is Hy ook **jou Herderkoning**… jou "Vader"? **Luister jy** na sy stem en **volg jy** Hom dag-vir-dag en oomblik-vir-oomblik? **Onderwerp** jy jou aan Sy gesag, **of verkies** jy om aan Hom te dink as die magtelose baba in die krip van Bethlehem, eerder as ons ewige VADER?

2.2 Die naam "Vader" dui tweedens ook op **<u>die verhouding</u>** waarin Christus tot ons staan. **Die Messias is Koning soos 'n goeie vader**. 'n Vader wat die naam vader werd is, **leef in 'n liefdesverhouding** tot sy kinders. Hy is nie maar 'n **onpersoonlike** "mag" of "krag" nie – *"force"* soos daar soms in die Engelse taal gesê word nie. Nee,

Hy is 'n HERDER wat **omgee** vir sy skape. Hy **ken** hulle op hulle name. Daar is so 'n **hegte verhouding** tussen hom en sy skape dat hulle sy **stem ken** en agter hom aanloop – Hy hoef hulle nie aan te jaag nie. Hy is vir hulle 'n bekende. Hulle **vertrou** Hom. Hy is die goeie Herder wat lewe en oorvloed gee; wat sy **lewe aflê** vir sy skape. **Die Messias is Koning soos 'n goeie vader**. Hy leef in 'n **persoonlike verhouding** met ons. *"Christianity is a relationship."* Hy **ken vir ons** – hoe goed **ken ons vir Hom**? Sal ons **sy stem** tussen al die ander wat ons wil lei en verlei, herken? Sal ons Hom **vertrou en daarom volg** waarheen Hy ons ookal lei? **Verkies** ons die lewe wat Hy bied **bo** die wat die wêreld met al sy ander gode bied? **Glo jy** dat Hy sy lewe ook vir JOU afgelê het aan die kruis? Is daar **groei** in julle verhouding? Is dit die heel **vernaamste** verhouding in jou lewe? Sal jy ook jou lewe **vir HOM aflê**?

2.3 'n Goeie Vader **wek** nie net lewe nie, maar probeer dit ook na die beste van sy vermoë **beskerm en versorg**. Jesus is nie net die Messias wat nuwe lewe gee nie, maar lei sy skape ook na **waters** waar daar vrede is. Hy sorg dat hulle **weiding** kry. Hy misbruik nie sy gesag om sy volgelinge uit te buit twv sy eie selfsugtige voordeel nie. Hy **beskerm** hulle teen die wolwe. Hy is nie die soort herder wat **weghardloop** as die gevaar aankom nie.
**Leef** ek en jy soos mense wat weet dat ons so 'n Herder het wat vir ons sorg? Leef ons met **vrede en vreugde** in ons harte, **dankbaar** omdat ons weet alles is *genade*? Of leef ons met **vrese en bekommernisse** omdat ons Hom nie *genoeg vertrou* nie?

Wat vertel die woord "ewig" vir ons oor Jesus se Messiasskap?

**3. "EWIGE"**
3.1 Dit laat ons baie goed verstaan dat hierdie Vader **anders** is as die gewone vaders. **Nie een aardse vader** kan daarop aanspraak maak dat hy ewig is nie. Jesus is dus absoluut **uniek**. Hy is nie soos sommige van die ander gelowe en selfs ongelowiges beweer, net 'n **besondere mens of profeet** nie. Hy is self ook God. **Net God is ewig**. Die evangelie vlgs **Johannes** begin met die stelling: *"In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God. ... Die Woord het mens geword en onder ons kom woon."* (:1, 14). Jesus het bestaan **lank voordat** Hy in Bethlehem gebore is. Paulus skryf aan die **Filippense:** *"Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word..."* (2:6,7). Sy **menswording** was daarom al 'n **liefdesdaad**! DAAR het **sy lyding** twv ons al begin! **Anders as ons** almal, het Hy 'n **Sê gehad** in sy geboorte – of Hy gebore wou word, of nie. Dis waaraan die woordjie "ewig" ons wil herinner.

3.2 Dit wys verder ook na die **toekoms**. Aardse vaders kan 'n mens **ontval**. Vaders sterf gewoonlik *voordat* hulle kinders sterf. Dit veroorsaak baie maal groot **hartseer en gemis** en soms **ontwrigting en gebrek**. Hierdie "vader" **bly egter vir ewig**. Hy is die *Eerste* en die Laaste. Sy *plek* raak nooit leeg nie. Hy *abdikeer of emeriteer* nooit. Hy raak nie *moeg of mat* nie. Hy raak nie *oud, verouderd of outyds* nie.

3.3 Maar Hy is *nie alleen self* ewig nie – Hy **gee** ook die **ewige lewe**. **Aan wie** gee Hy dit? Aan almal wat in Hom **glo**. Dit is **die skape** wat vir hulle lewe op Hom *vertrou* en bereid is om Hom onvoorwaardelik te *volg*: *"My skape luister na My stem; Ek ken*

*hulle en hulle volg My. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie."* (Joh 10:27,28)
**Kan jy vandag met sekerheid sê dat jy die ewige lewe het?** Dit **begin** nie eers eendag NA hierdie tydelike lewe nie, maar NOU-AL: " *Wie in die Seun glo, HET die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op Hom."* (3:36) As jy tot geloof in die Here Jesus gekom het, het jy dus **al reeds** die *"tydelike met die ewige verwissel*"! Ewig dui op 'n **bepaalde kwaliteit** lewe. Jesus noem dit *"die lewe in oorvloed" (Joh 10:10).* 'n Mens kan so uitsien na die **volheid** van hierdie lewe in die lewe hierna dat jy nie hierdie lewe genoeg waardeer nie.
Maar natuurlik is die lewe wat Jesus gee **ook ewig** in die betekenis dat wie in Hom glo, *sal lewe al het hy/sy ook gesterwe*. Hy sê vir **Marta**: *"Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?"* (Joh 11:25,26) Watter **heerlike versekering**! Ons sal vir altyd-en-altyd by ons Ewige Vader wees. **Hoe belangriker** ons verhouding op aarde met Hom vir ons is, hoe meer sal ons natuurlik daarna *uitsien.* Hoe **bevoorreg** is ons nie om **te mag uitsien** na die ewige *lewe* in plaas van die **ewige dood** soos diegene wat Hom nie as hulle Ewige Vader wil erken nie!

**SLOTSOM**
Geliefdes, daarom sê die Kategismus tereg dat ons **enigste WARE troos** in lewe en dood, is dat ons aan Jesus Christus behoort – Jesus die **Messias**, Jesus ons **Ewige Vader**! Wie hierdie troos sy/haar **eie gemaak** het – ryk of arm, siek of gesond, eensaam of nie – het **oorgenoeg rede** om Kersfees met vreugde te vier. Vir ons is 'n **Seun gebore**, aan ons is 'n **Seun gegee**!

Amen.
18/12/2011